Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 11

NOVEMBER 2011

GESKIEDENIS V1

PUNTE: **150**

TYD: **3 uur**

HISTA1

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE vrae gebaseer op die voorgeskrewe inhoud soos vervat in die riglyn-dokument:

   VRAAG 1: UITDAGINGS VIR KAPITALISME

   VRAAG 2: DIE KRISIS VAN KAPITALISME

   VRAAG 3: KOMPETERENDE NASIONALISMES EN IDENTITEITE IN AFRIKA

2. Elke vraag tel 75 punte, waarvan 45 punte toegeken word vir die bron-gebaseerde vraag en 30 punte vir die uitgebreideskryfwerk-vraag.

3. Kandidate moet TWEE vrae te beantwoord.

4. By die beantwoording van vrae behoort die kandidate hulle kennis, vaardighede en insig gebruik.

5. ŉ Blote oorskryf van bronne as antwoorde sal kandidate benadeel.

6. Skryf netjies en leesbaar.

VRAAG 1 WAAROM HET LENIN DIE NUWE EKONOMIESE BELEID GEIMPLEMENTEER?

Bestudeer bronne 1A, 1B, 1C en 1D om die volgende vrae te beantwoord.

1.1 Bestudeer Bron 1A:

1.1.1 Wat, volgens die bron, was die aanvanklike doelwitte van die Wittes om Rusland te help? (1x2) (2)

1.1.2 Gebruik die bron en jou eie kennis om die volgende begrippe te verduidelik:

(a) Nasionalisering (2)

(b) Kommunisme (2)

1.1.3 Waarom, dink jy, het die Rooies die Burgeroorlog gewen? (2x2) (4)

1.1.4 Verduidelik of die tussenbeide-trede van die Wittes geregverdig kan word. (2x2) (4)

1.2 Verwys na Bron 1B:

1.2.1 Verduidelik hoe Oorlogskommunisme bygedra het tot die hongersnood van miljoene Russe soos uitgebeeld in die bron. (2x2) (4)

1.2.2 Verduidelik hoe hierdie bron Lenin se ekonomiese beleid na die Burgeroorlog beïnvloed het. (1x2) (2)

1.3 Verwys na Bron 1C:

1.3.1 Gebruik die bron en jou eie kennis om te verduidelik waarom Lenin sy Nuwe Ekonomiese Beleid geïmplementeer het. (2x2) (4)

1.3.2 Haal 'n gedeelte uit die bron aan wat daarop dui dat "die NEB 'n gedeeltelike terugkeer na kapitalisme" was. (1x1) (1)

1.3.3 Verduidelik hoe die Nuwe Ekonomiese Beleid die kleinboere bevoordeel het. (2x2) (4)

1.3.4 Verduidelik die betekenis van Lenin se stelling:

"…Ons is nou besig om te onttrek, maar ons doen dit om sodoende sterker te hardloop en sterker na vore te tree." (1x3) (3)

1.4 Raadpleeg Bron 1D:

1.4.1 Waarom was daar 'n daling in produksie vanaf 1913 tot 1921? (1x1) (1)

1.4.2 Gebruik die bron en jou eie kennis om rekenskap te gee vir die lae ekonomiese syfers in 1921. (2x2) (4)

1.4.3 Hoekom dink jy het die "graanoes" die meeste onder die NEB verbeter? (1x2) (2)

1.5 Gebruik al die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer SES reëls (ongeveer 60 woorde) waarin jy verduidelik waarom Lenin se NEB die ondersteuning van die kleinboere verkry het. (6)

1.6 UITGEBREIDE SKRYFWERK (Jou antwoord moet ongeveer 2 bladsye in lengte wees).

Beantwoord EEN van die volgende vrae: VRAAG 1.6.1 OF 1.6.2.

1.6.1 "Lenin se Nuwe Ekonomiese Beleid was 'n gedeeltelike terugkeer na kapitalisme wat noodsaaklik was vir die oorlewing van kommunisme". Stem jy saam met hierdie stelling? Motiveer (30)

OF

1.6.2 Gebruik die inligting uit die bronne en jou eie kennis en skryf 'n verslag waarin jy verduidelik hoe die Bolsjewiste hul bewind in Rusland tussen die jare 1917 – 1921 behou en verstewig het. (30)

[75]

VRAAG 2 WAT WAS DIE OORSAKE VAN DIE GROOT DEPRESSIE?

Bestudeer bronne 2A, 2B, 2C en 2D om die volgende vrae te beantwoord.

2.1 Bestudeer Bron 2A:

2.1.1 Gebruik die bron en jou eie kennis om die volgende begrippe te verduidelik:

(a) Laissez-faire (2)

(b) Kapitalisme (2)

2.1.2 Verduidelik hoe gewone burgers geld gemaak het deur in aandele te belê. (2x2) (4)

2.1.3 Watter bewyse is daar in die bron wat daarop dui dat daar ŉ gebrek van arbeidswetgewing in die Amerikaanse ekonomie was? (1x2) (2)

2.1.4 Hoe, volgens die bron, het groot besighede hierdie gebrek aan arbeidswetgewing gemanipuleer? (1x2) (2)

2.1.5 Gebruik die bron en jou eie kennis om die rol van die banke in ŉ kapitalistiese ekonomie te verduidelik. (2x2) (4)

2.2 Verwys na Bron 2B:

2.2.1 Gebruik die bron en jou eie kennis om te verduidelik hoe oor-produksie tot die Groot Depressie bygedra het. (2x2) (4)

2.2.2 Waarom dink jy het die werkers se salarisse nooit verhoog nie?(1x1) (1)

2.2.3 Identifiseer die TWEE klasse wat, volgens die bron, deur kapitalisme geskep was. (2x1) (2)

2.3 Verwys na Bron 2C:

2.3.1 Identifiseer die TWEE sektore van die Amerikaanse ekonomie, soos uitgebeeld in die bron. (2x1) (2)

2.3.2 Gebruik die bron en jou eie kennis om te verduidelik waarom boere hul grond in die 1920's verloor het. (2x2) (4)

2.3.3 Verduidelik hoe Bron 2C Bron 2B komplementeer met betrekking tot die impak van die Groot Depressie. (2x2) (4)

2.4 Verwys na Bron 2D:

2.4.1 Hoe sal jy die vinnige groei in die waarde van die voorraad en aandele tussen 1922 en 1929 verklaar? (1x1) (1)

2.4.2 Verduidelik die vinnige afname in die waarde van die voorraad en aandele tussen 1929 en 1931. (2x2) (4)

2.4.3 Gebruik die bron en jou eie kennis om die verband tussen die Wall Street Ineenstorting en die Groot Depressie te verduidelik. (1x1) (1)

2.5 Gebruik al die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer SES reëls (ongeveer 60 woorde) waarin jy verduidelik hoe die regering se beleid van laissez-faire bygedra het tot die agteruitgang van die boere en gewone werkers. (6)

2.6 UITGEBREIDE SKRYFWERK (Jou antwoord moet ongeveer 2 bladsye in lengte wees).

Beantwoord EEN van die volgende vrae: VRAAG 2.6.1 OF 2.6.2.

2.6.1 "Hoewel die Wall Street Ineenstorting die Groot Depressie veroorsaak het, was dit nie die hoofoorsaak nie." Bespreek die geldigheid van hierdie stelling. (30)

OF

2.6.2 Gebruik al die bronne en jou eie kennis, skryf 'n artikel vir jou skool se tydskrif waarin jy in breë trekke verduidelik hoe die swakhede in die VSA ekonomie tot die Groot Depressie gelei het. (30)

[75]

VRAAG 3 WATTER FAKTORE HET GELEI TOT DIE ONTWAKING VAN AFRIKANER-NASIONALISME?

Verwys na bronne 3A, B, C en D om die volgende vrae te beantwoord.

3.1 Bestudeer Bron 3A:

3.1.1 Gebruik die bron en jou eie kennis om die term "Afrikaner" te verduidelik. (1x2) (2)

3.1.2 Wat, volgens standpunt 1, was die beoogde doel van die gebruik van die term "Afrikaner"? (1x1) (1)

3.1.3 Gebruik die bron en jou eie kennis om te verduidelik of die term "Afrikaner" alle blanke mense insluit. (1x2) (2)

3.1.4 Waarom, volgens standpunt 2, was daar geen eenheid tussen Afrikaners en Engelssprekende blankes in Suid-Afrika nie? (1x2) (2)

3.1.5 Hoe kontrasteer standpunt 2 die verduideliking van die term nasionalisme soos beskryf in standpunt 1? (2x2) (4)

3.2 Bestudeer Bron 3B:

3.2.1 Waarom dink jy, het die Britte die Afrikaner-vroue en -kinders tydens die Suid-Afrikaanse Oorlog (Anglo-Boereoorlog) van 1899 – 1902 in konsentrasie kampe geplaas? (1x2) (2)

3.2.2 Kan die "verskroeide aarde beleid" van die Britse geregverdig word? Verduidelik jou antwoord. (2x2) (4)

3.2.3 Gebruik die bron en jou eie kennis om te verduidelik hoe hierdie foto bygedra het tot die ontwaking van Afrikaner-nasionalisme. (2x2) (4)

3.3 Raadpleeg Bron 3C:

3.3.1 Gebruik die bron en jou eie kennis om die term "Groot Trek" te verduidelik. (1x2) (2)

3.3.2 Wat was die doel van die eeufeesvieringe van die Groot Trek? (1x2) (2)

3.3.3 Verduidelik die betekenis van die aanhaling:

"…vanaf Kaapstad na die Noorde". (2x2) (4)

3.3.4 Hoe komplementeer (ondersteun) die visuele bron die doelwitte van Afrikaner-nasionalisme? (1x2) (2)

3.3.5 Waarom, dink jy, was ander rasse uit hierdie feesvieringe uitgesluit? (2x2) (4)

3.4 Verwys na Bron 3D:

3.4.1 Waarom, dink jy, het die Smuts-regering die werk kleurskeidslyn tydens Tweede Wêreldoorlog gewysig? (1x2) (2)

3.4.2 Waarom, dink jy, het die Afrikaners tydens die 1948-verkiesing vir die Nasionale Party gestem? (2x1) (2)

3.5 Gebruik al die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van omtrent ses lyne (60 woorde) waarin jy die rol van Afrikaner-nasionalisme verduidelik. (6)

3.6 UITGEBREIDE SKRYFWERK (Jou antwoord moet ongeveer 2 bladsye in lengte wees).

Beantwoord EEN van die volgende vrae: VRAAG 3.6.1 OF 3.6.2.

3.6.1 Beskryf die faktore wat gelei het tot die ontwaking van Afrikaner-nasionalisme. (30)

OF

3.6.2 Gebruik al die bronne en jou eie kennis om 'n verslag te skryf waarin jy verduidelik hoe Afrikaner-nasionalisme teen ander rassegroepe in Suid-Afrika gediskrimineer het. (30)
[75]

TOTAAL: 150

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 11

NOVEMBER 2011

GESKIEDENIS V1
ADDENDUM

Hierdie addendum bestaan uit 9 bladsye.

VRAAG 1 WAAROM HET LENIN DIE NUWE EKONOMIESE BELEID GEIMPLEMENTEER?

BRON 1A

Hierdie bron verduidelik waarom die Weste betrokke geraak het in die Russiese Burgeroorlog

Die aanvanklike doel [van die Britse, Franse en Amerikaanse ingryping] was om die Wittes te help om die oorlog teen die Sentrale Magte voort te sit, maar na November 1918, toe die Eerste Wêreldoorlog geëindig het, was Geallieerde ingryping ingestel op die vernietiging van die kommunistiese regering, terwyl dit nog swak was. Nie net was die kommunistiese ideologie gehaat in die regerende kringe van Wes-Europa en Amerika nie, maar die Sowjet-regering het ook afstand gedoen van alle Russiese skuld [dit wil sê, Rusland sou nie sy skuld betaal nie], en alle buitelands- besitte bedrywe genasionaliseer sonder vergoeding, en het revolusionêre aktiwiteite in Europa geondersteun.

BRON: History for all Grade 11 by Elsabé Brink et al bl. 152

BRON 1B

Hierdie foto toon duidelik die impak wat Oorlogskommunisme op die gewone burgers van Rusland gehad het.

Bron: Looking into the Past by Y. Seleti et al bl. 24

BRON 1C

Hierdie bron verduidelik die redes waarom Lenin Oorlogskommunisme vervang het met die Nuwe Ekonomiese Beleid by die Party-kongres, 1921

Ons armoede en ondergang is so groot dat ons nie met een slag grootskaalse sosialistiese produksie kan herstel nie - ons moet probeer om die eise van die boere wat ontevrede, onvergenoegd en nie anders kan nie, te bevredig...daar moet 'n sekere mate van handelsvryheid wees, vryheid vir die klein private eienaar...Ons is nou besig om te onttrek, maar ons doen dit om sodoende sterker te hardloop en sterker na vore te tree.'

Bron: Making History Grade 11 by R. Deftereos et al bl. 125

BRON 1D

Hierdie bron wys hoe die Russiese ekonomie herstel het onder die NEB

Jaar	**1913**	**1921**	**1922**	**1923**	**1924**
Steenkool Ontgin (miljoen ton)	29,0	8,9	9,5	13,7	16,1
Staal Geproduseer (miljoen ton)	4,2	0,2	0,4	0,7	1,1
Graan Opbrengs (miljoen ton)	80,1	37,6	50,3	56,6	51,4
Gemiddelde Maandelikse Lone (roebels)	30,5	10,1	12,1	15,8	20,7

Bron: In Search of History Grade 11 Learners Book by J. Bottaro et al bl. 91

VRAAG 2 WAT WAS DIE OORSAKE VAN DIE GROOT DEPRESSIE?

BRON 2A

Hierdie bron gee ’n uiteensetting van hoe die mislukte regeringsbeleid gelei het tot die Groot Depressie.

Die regering se laissez-faire-beleid wat besigheid toegelaat het om hulself uit te sorteer sonder staatsinmenging, het toegelaat dat aandeelpryse gemanipuleer word en dat ander onreëlmatighede voorgekom het. Daar was geen beskerming vir die miljoene gewone mense wat betrokke geraak het in die waansin van aandele belegging nie. Toe aandeelpryse daal en die banke begin te misluk het, het hierdie mense alles verloor.

Bron: *In Search of History, Grade* 12, OUP, 2005, bl. 272

BRON 2B

Die siening van die Amerikaanse joernalis en historikus William Manchester wat verduidelik hoe oor-produksie tot die Groot Depressie bygedra het.

Die werklike blaam lê in die valse beginsels van die Coolidge-Hoover se "New Era” van welvaart...die tegnieke van massaproduksie gekombineerd om die doeltreffendheid van die per man-uur te verhoog met meer as 40%. Hierdie enorme uitset van goedere het duidelik ’n ooreenstemmende toename van verbruikers koopkrag benodig - dit is, hoër lone. Maar die werker se inkomste in die 1920's het nie verhoog met hierdie produktiwiteit nie. In die goue jaar van 1929 het Brookings ekonomiste bereken dat, om in die minimum noodsaaklikhede te voorsien, sou ’n gesin ’n inkomste van $2,000 per jaar benodig het - dit was meer as 60% van wat Amerikaanse families verdien het. Terwyl die rykes in aandele gespekuleer het, is kliënte van beperkte middele oortuig om produkte te neem deur ’n verlenging van krediet.

Bron: *The Glory and the Dream:* A *Narrative History of America,* 1932-1972 by W Manchester, 1972

BRON 2C
Hierdie foto beeld die haglike toestande van boere uit nadat die voorspoedige na-oorlogstydperk van 1920 geëindig het.

Bron: Modern World History to GCSE by Colin Shephard en Alan Scadding, bl. 132

BRON 2D

Hierdie tabel toon duidelik hoe aandeel pryse in die VSA gestyg en gedaal het tussen die jare 1928 en 1929.

MAATSKAPPY	3 Maart 1928	3 Sep 1928	3 Nov 1929
MONTOMERY WARD	132	450	49
UNION CARBIDE AND CARBON	145	413	59
ELECTRIC BOND AND SHARE	90	204	50
RADIO CORPORATION OF AMERICA	94	505	28
WOOLWORTH	181	251	52

Aandele-pryse in sent vanaf die Wall Street Journal, 1*928-299* (From: Peter Lane. *The USA in the Twentieth Century*

VRAAG 3 WATTER FAKTORE HET GELEI TOT DIE ONTWAKING VAN AFRIKANER-NASIONALISME?

BRON 3A

Hierdie bron bestaan uit twee geskrewe paragrawe wat die woord "Afrikaner" verduidelik

Standpunt 1

Hierdie bron beskryf die vroeë gebruik van die woord Afrikaner of Afrikander

Die term Afrikaner of Afrikander was deur verskillende groepe mense gebruik. Die gebruik van dié term met verwysing na blankes van Nederlandse herkoms was dubbelsinnig tot in die 20ste , want dit was aanvanklik gebruik vir slawe of eks-slawe van Afrika-afkoms in die 18de eeu. In die vroeë 19de eeu, veral rondom 1830, was dit gebruik as plaaslike verwysings deur blankes. Volgens die Zuid-Afrikaan is die term van toepassing op Engelse of Nederlanders wat die land bewoon het en verbind was deur die diens en belangstelling, om die welstand van hul land te bevorder.

Soos met die gebruik van die term Amerikaner, om te verwys na al die immigrante van verskeie Europese nasionaliteite, het die term Afrikaner die kapasiteit om in die toekoms die Nederlandse en Engelse identiteit van die wit setlaars uit te roei. As gevolg hiervan, het diegene wat alle groepe van die koloniste wou amalgameer, hierdie term voorgestel. Die mees gedigste weerstand teen die gebruik van hierdie term het vanaf die Engelse gekom. Die verduideliking wat gegee was vir hierdie weerstand was aangeteken in die Cape Times: die naam is oorspronklik vir ʼn half-geteelde afstammelinge van slawe, en selfs in ʼn woord is die konnotasie van slawerny ʼn bevraagbare gruwel.

Die ander term wat gebruik was om na die Nederlandse setlaars in die Kaap en die binneland te verwys, was Boere. Hierdie term was algemeen gebruik deur die pastorale boere in die binneland met verwysing na hulself. Die Engelse het voortgegaan om te praat van die 'Kaapse-Hollanders" wat hulle gesien het as meer "beskaafd" en beter opgevoed, terwyl die Boere onkundig en ongeletterd was.

Bron: Shuters History Grade 11 by Pat Ellis en Pat Olivier bl. 239

Standpunt 2

Hierdie bron verduidelik die kontras tussen Afrikaner en Engels-sprekende blankes in Suid-Afrika

Die Afrikaner Nasionalis, het die Engels-sprekende groep beskou as ʼn groep met ʼn spesiale verhouding met Brittanje, botsende met enige lojaliteit wat sy lede behoort te hê aan die Suid-Afrikaanse staat. Hul tradisionele gehegtheid aan die simbole van hierdie verhouding - die kroon en die Union Jack - hul lojaliteit aan die Statebond ideaal, en hul kulturele en opvoedkundige bande met Brittanje, het aan die Afrikaner uitgewys dat sy Engelssprekende eweknie verdeel is in sy trou.

Bron: History Alive by P. Kallaway et al bl. 456

BRON 3B

Hierdie is ’n foto van ’n verhongerde kind in ’n konsentrasie kamp in Bloemfontein tydens die Suid-Afrikaanse Oorlog (Anglo-Boer-oorlog)

Bron: Oxford Successful Social Sciences Grade 8 by Jean Bottaro et al bl. 129

BRON 3C

Hierdie bron bestaan uit ’n geskrewe en visuele bron

Geskrewe bron

Hierdie bron verduidelik hoe die eeufees-vieringe van die Groot Trek Afrikaner-nasionalisme laat ontwaak het

’n Opvallende kenmerk van die manier waarop Afrikaner-nasionalisme gevorm was, is die klem wat op die geskiedenis geplaas word ... van besondere belang in die vorming van ’n Afrikaner-identiteit gedurende die 1930's was die eeufeesvieringe van die Groot Trek in 1938. Die Groot Trek, wat ’n trots in die plek van die Afrikaner geskiedenis het, is herdenk deur nege ossewaens wat stadig hul pad vanaf Kaapstad na die noorde gemaak het. Dit was toe ’n ongeëwenaarde kulturele en politieke teater - koorsagtige skares geklee in die Voortrekker klerasie het die prosessie verwelkom soos dit die dorpe en stede genader het. Strate was vernoem na die Voortrekker-helde, manne en vroue is tot trane gebring deur die spektakel, jong mense het getrou langsaan die ossewaens; paartjies het hul kinders in die skadu van die waens gedoop (baie babas was name gegee wat afgelei was van die Groot Trek, soos Eeufesia en Kakebeenwania). Alhoewel hierdie 'tweede Trek' versigtig georkestreer was, was selfs die organiseerders uit die veld geslaan deur die oorweldigende reaksie op hierdie gebeurtenis.

Bron: Making History Grade 11 by R. Deftereos et al bl. 228

Visuele bron

Hierdie foto wys die eeufeesvieringe van Afrikaner nasionalisme in 1938



Bron: Making History Grade 11 by R. Deftereos et al bl. 228

BRON 3D

Hierdie bron wys hoe Afrikaner leiers propaganda gebruik het om Afrikaner nasionalisme te beïnvloed na die Tweede Wêreldoorlog.

Onder oorlog omstandighede, het die ekonomie besonder vinnig uitgebrei en gediversifiseer en sodoende meer Swartes in die stedelike arbeidsmark ingetrek. Onder druk van argumente dat trekarbeid, paswette, en werkskleurskeidslyn ondoeltreffend sowel as onregverdig was, het die regering die werkskleurskeidslyn gewysig en toegelaat dat swartes se lone teen ŉ vinniger tempo styg as blanke s'n, en die paswette tydelik laat verslap. Die regering het ook erken dat Swartes ŉ permanente deel van die stedelike bevolking was en het gespeel met die idee dat Swart vakbonde erken moet word. In dié omstandighede het ŉ radikale Afrikaner-party daarin geslaag om genoeg etniese ondersteuning te mobiliseer ten einde ŉ klein oorwinning in die algemene verkiesing van 1948 te behaal.'

Bron: Making History Grade 11 by R. Deftereos et al bl. 226

ERKENNINGS

Bottaro, J et al 2006 *In Search of History, Secondary Book 1* (Oxford University Press)
Bottaro, J et al 2007 *In Search of History – Grade 11* (Oxford University Press)
Bottaro, J et al *Oxford Successful Social Sciences Grade 8* (Oxford University Press)
Brink E, et al 2006 *History for All – Grade 11* (Oxford University Press)
Deftereos, R et al 2007 *Making History – Grade 11* (Heinemann Publishers)
Ellis, P et al 2007 *Shuters History Grade 11* (Shuters and Shooters Publishers)
Govender, S et al 2007 *New Generation History Grade 11* (New Generation Pub. Enterprises)
Graves, F et al *Moments in History – Grade 11*
Hugo, P et al *OBE for FET History Grade 11* (Nasou via Africa)
Kallaway, P et al *History Alive Standard 10*
Lane, P *The USA in the Twentieth Century*
Manchester, W *1972 The Glory and the Dream: A Narrative History of America, 1932-1972*
Seleti, Y et al 2006 *Looking into the Past – Grade 11* (Maskew Miller Longman)
Shephard, C et al *Modern World History to GCSE*